

maar moet te hou, Soufie; want dit sal wel weer beter gaan. Maar nee, Soufie; jy hou maar aan met jou vervelende gemor. En daarom, Soufie, hoe kan, hoe moet ek vir jou verstaan?"

„O, het jy darem tog nou al klaar met praat, Krakertjie?"

„Maar natuurlik, Soufie; jy hoor mos ek vra jou nou 'n vraag."

„Nou, dan sal ek jou sê. Kyk, die storie is net so, en nie anders nie: Ek klae en jy preek. En hoe treuriger ons toestand word, hoe meer klae ek met hart en stem, en hoe meer preek jy met woord en gebaar. Maar ek klae tog net oor ons ellende, maar jy preek net oor *my*, op my en van my. Ek is jou teks van die môre tot die aand. Jy hou aan om my net heeldag te verwyf. Maar dit sê ek, Krakertjie, ek mag die ketel wees, maar jy is die pot, die ou groot, pikswarte. En daarom is jy skuldiger as ek. Ek klae mos nie oor jou nie, maar jy bars glad in preke op my los. Nou maak jy dit vir my al swaarder, maar ek maak dit vir jou al makliker; want jy preek om my sleg te maak, maar ek klae om jou stof vir jou lekker preke te gee. En nou durf jy nog vir my vra hoe jy vir my moet verstaan! My vadertjie, Krakertjie, as jy tog maar vir jouself kon verstaan het, dan sou ek nie vir jou 'n onverstaanbare raaisel gewees het nie."

„Nou sien jy, Soufie, dis mos wat ek geweet het; daar lê die knoop. Kyk, dit het Bouel Poubaas mos ook gesê. Ja, hy het gesê dat 'n vroumens glad nie 'n ding is wat na rede luister nie. En ek het jou dit al baie gesê dat hy dit gesê het. Maar jy steur jou nie eens daaraan nie. Dit dank jou ook die ongeluk waarom jy nie wil

luister en jou laat oortuig dat klae en kerm niks help nie, maar dat moed-hou en op-hoop-lewe vir ons tog maar die beste sal wees."

„Ja, Krakertjie, my arme, stomme ou man, die Heer weet, ek probeer ook om nog moed te hou; maar om darem op dié manier moed te hou en te vertrou soos jy, sien ek nie kans nie. Want jy het dan nou nog—ná al die jare van swerf en swoeg en swaarkry en agteruitgaan en doodgaan—soveel hoop dat jy jou heeldag voorstel hoe skatryk ons weer sal word en hoe ons weer in weelde sal lewe. Kyk, gister het jy nog vir ons ou bloedjies, Miassie en Petrissie, gesê: „Wag maar, my ou kindertjies, ons sal weer ryk word, en dan sal julle voetjies nie meer so koud kry en bars en bloei nie, en julle ou magies sal nie meer so inkrimp van honger nie, want dan sal ons geld hê; dan sal ons alles koop—ja, ons sal ook 'n pragtige motor koop, en julle tweetjies sal in duur bokskin se klere in die pragtige motor rondry en ruil-ruil self die stuurwiel vat. Nou sien jy, Krakertjie, vir sulke dinge het ek nie meer hoop nie. Ek hoop net op 'n soort van beterskappie, beter lewetjie; maar jy hoop mos glad op lugkastele."

„Soufie, Soufie, jy is vandag my vrou, maar jy beledig my darem verskriklik. Kyk, hoe kan ek dan so stawelgek wees om op kastele in die lug, wat mos nie bestaan nie, te hoop? Is ek rêrig so kalkoenkuikentjiesagtig in jou oog om te glo dat ek op wegsmeltende windwolkies sal staatmaak? En is lugkastele nie nog oneindig nietiger as sulke uitmekaar-rafelende wolkies nie?"

„Ja, seker, Krakertjie, hulle is baie nietiger; want jy bou hulle mos self met jou eie ydele ou gedagtetjies."

„Maar hoor so 'n vrou!”

„Ja, dít sal baie goed wees, Krakertjie, as jy na my wil luister en van nou af wil ophou om te hoop dat ons weer eendag kop-bo-water sal raak.”

„Maar, Soufie, daar is tog 'n spreekwoord wat sê: ‚Wat gewees het, kom weer.’”

„Ja, Krakertjie, maar daar is ook 'n ander spreekwoord wat sê: ‚Wat gewees het, is op.’ En een ding kan ek jou sê, jou spreekwoord het net in die ou tyd gedeug toe alles volop was, maar nou is hy uitgedien, en nou is net my spreekwoord op die deesdae se lewensomstandighede van toepassing.”

„Maar, vrou, dan sê die Psalm tog: ‚Voed het oud vertrouwen weder.’”

„Ja, dit staan in Psalm 42 se derde en sewende versies, en ek sing hierdie twee versies baie meer as jy, Krakertjie.”

„Regtig, Soufie? Nou waarom kla jy dan so?”

„Omdat die aanhoudende droogtes ons ons laaste lewensmiddeltjies ontnem; omdat ek maar 'n swakke sterfling is wat telkens my plig vergeet, en las op las wat my beswaar, my stof tot klae steeds vermeerder; omdat honger en bankrotenskap reeds vir ons voor die deur staan, en omdat ek ook maar 'n arme moeder is wat tot my laaste ademtoggie toe aan my hulpelose kindertjies sonder toekoms vasklou en -klewe.”

„Ja, Soufie, dis alles die waarheid; maar weet jy wat Bouel Poubas nog net eiste gister gesê het? Ek het hom juis vertel dat die kommer oor ons kindertjies nou vir ons opvreet, om ons hulle nie meer behoorlik kan voed en kleed nie, en toe sê hy: ‚Ai, Kraker, ou boet,’ sê hy, ‚hou maar moed, hou tog moed.’”

„En dit is al wat hy gesê het, Krakertjie?”

„Ja, Soufie, dis al; hy wou darem nog iets sê, maar my woorde het hom so aardig gemaak dat sy stem so aan bewe geraak het dat hy liever opgehou en sy kop gou weggedraai het.”

„Nou ja, sien jy, Krakertjie, hy is ook al radeloos en kan nog net van moed praat waar glad geen moed meer is nie!”

„Nou ja, sien jy, Soufie, hy is ook al jammer vir ons en praat ons moed in, om ons nou juis meer as ooit moed nodig het.”

„Ja, Krakertjie, maar 'n mens moet darem kan lewe om moed te hê en moed te hou, en hoe kan jy lewe sonder kos en klere? Ons lewe nog maar op geleende brood en ons eet al aan ons laaste oneetbare slaggoedjies; ons het nie meer lappe om op ons gelapte klere, wat maar weer van mekaar val, te pak nie; ek sukkel reeds tevergeefs om met gebedelde gare ons ou rafels en toings aan mekaar te hou. Kyk daardie ou swart rok van my wat ons vier jaar gelede kon koop en wat nou daar aan die tentstaner hang. 'n Jaar na ons hom gekoop het, het hy al begin lappe vra, en dis nou drie jaar dat ek met hom moed gehou het en hom met lappe oortrek het, maar kyk nou daar deur sy nuwe hoop padgee-plekke en dan sê jy my of ek nou nog met hom kan moed hou. En kyk daardie klompie flenters wat ek vanmôre, moedeloos en radeloos, daar op die ou wakis gesmyt het. Dit was onderkleertjies van ons ou bloedjies, maar bekyk hulle nou, en dan sê jy my of ek nou nog met hulle kan moed hou. Jy praat mos van moed-hou—so vra ek jou nou om hulle goed te bekyk en my te sê of jy dan nog moed het dat hulle ooit weer in onderkleertjies kan verander word. En dan luister jy somar ook hoe roggel Miassie se ou borsie.

Hy is hees, hy het koue gevat, want kyk daar kan jy al sy ou naakte liggaampie deur sy ou drillingse baadjietjie sien. Bekyk hom, Krakertjie, en dan let jy ook op hoe blou sy ou handjies en gesiggie smôrens word as die ryp so lê en die ou oostewindjie so deur sy ou sieltjie sny. Maar jy het mos tog ook al baie gesien hoe sy ou tandjies smôrens klapper en hoe sy ou lyfie rittel en ruk. En hoe lyk dit met onself en met ou Petrissie? Dink jy dat net moed-hou nog aan ons kan iets doen, Krakertjie?"

„Ja, Soufie, dis weer alles die waarheid; maar jy moet darem weet dat net klae en kerm ook niks aan ons sal doen nie.”

„Ja, Krakertjie, maar jy moet darem ook weet dat die trane van 'n moeder by die dood van haar kindjie ook nie dié bloedjie weer uit die doodslaap kan wek nie, en tog ween sy of sy word krank-sinnig; want deur die trane kom tog nog 'n soort van verligting. Nou sien jy, my geklag is ook maar net 'n soekery na 'n soort van verademinkie uit al die opgehoopte en opgekropte angs; en dis daarom dat ek ook al partykeer klae sonder ek dit eens weet.”

„Nou toe dan maar, Soufie, sê dan maar jy is reg, en laat ons dan maar van nou af verligting in geklag en wanhoop soek. Vaarwel dan, hoop en vertrou! Vaarwel dan, alles wat my nog moed ingeboesem het om langer te wil lewe! Toe, Soufie, toe, loop smyt jou dan nou maar mistroostig daar op ons katel neer en klae en kerm jou dood; dit sal dan seker 'n groot verligting wees. Dan sal ek my solank maar na die verre, eensame veld begewe en ook jou voorbeeld volg.”

„Krakertjie, wat . . . wat sê jy daar?"

„Nee, ek sê niks. Groet my nou maar en laat ons dan nou maar maak soos jy dit wil hê.”

„O vadertjie! Krakertjie, my ou teer skat, hoe lyk jy dan nou so verkeerd? Wat wil jy in die verre, eensame veld gaan doen?”

„Dit sal jy wel hoor as jy jou dan nie al op ons ou katel gelê en doodtreur het nie.”

„O, my eie ou Krakertjie, moenie gruwelike besluite neem nie; moenie so praat nie; dink tog net aan jou hulpelose ou kindertjies?”

„So? En hoe kan wanhopige ouers nog aan hulle hulpelose kindertjies dink? Hulle kan dan nie eens vir hulleself dink nie, en hulle is dan nog hulpeloser as die kindertjies wat saans en smôrens in vertroue hulle gebedjies, aan moedersknie geleer, tot die Genadetroon opstuur!”

„Nee, Krakertjie, só moet jy nie praat nie. A, Krakertjie, kom, ek bid jou . . . kom, ek bid jou hier op my knieë, moenie meer so praat nie. Toe my ou teer skat, sien af van jou besluit om na die verre, eensame veld te gaan—die eensame veld . . . ag! daar is alles in 'n swart, verdorde doodsvallei verander, en daar sal die dood jou des te sekerder aanlok . . . ag . . .”

„Soufie, die swart, eensame veld met sy dooi geraamtes is nou vir my verkiesliker as 'n huis waar geen hoop en vertroue meer is nie.”

„Ag, wat het ek tog gedoen! Krakertjie, o, waarom kyk jy dan nou so verwild! . . . Miassie, Petrissie, kom hier, my ou bloedjies, en kom help soebat julle tog ook . . . toe, Miassie, vat jou pappietjie se regterhand—jy heet na sy eie oorlede vader; en jy, Petrissie, vat jy sy ander hand—jy heet na my dierbare oorlede ou vader, jy moet my nou help, my ou kindjie . . . Ja, so nou. . .

Toe nou, Krakertjie, kyk nou hier ons kindertjies aan jou hande. Kyk tog, hulle is te verskrik om te praat, maar sien jy dan nie die traantjies op hulle wangetjies nie? Dis nou *hulle* taal. Kan woorde sterker pleit as die traantjies van jou bloedjies? O, waarom praat jy dan nie? Ek bid jou, versag tog, vertroos jou kindertjies!"

„Soufie, wanhoop versag nie, maar verhard; en wanhoop vertroos nie, maar vernietig.”

„Krakertjie, ag . . . ag! Jy sny nou my hart stukkend. Ek kan nie meer nie. Jy maak my nou *moedeloos . . . dood . . .*”

„So? Dan maak *ek* wat nog deur dik en dun wou moed hou, nou vir *jou* moedeloos! En hoe moedeloos moet *jou* moedeloosheid dan nie vir my maak nie?”

„O, ek is verkeerd, Krakertjie, totaal verkeerd en verblind; ek het gedwaal en ek het gesondig. Vergewe my nou uit jou eie ou hart, wat altyd so teer vir my en ons ou onskuldige bloedjies geklop het. Ja, vergewe en vergeet nou *alles*, en jy sal sien hoe ek vir ons almal sal opbeur en opruim, en hoe ek sal moed hou tot in die dood toe, en hoe ek sal bid vir ons . . . en hoe ek . . .”

„Soufie, Soufie, my eie hartlam, moenie . . . moenie verder praat nie; 'n geharde en gebreide Boesmanlandse trekker huil tog alte . . . . alte swaar, . . . ek . . . .”

„Ja só, ja so, my allerdiërbaarste skat van 'n Kraker, so ken ek jou mos. Stil nou Miassie, stil Petrissie; kyk, julle ou vadertjie se hart het gebreek, . . . kyk, kyk in sy gesig. O, kom ons lag en soen nou maar mekaar!”

(Ouers en kinders omhels mekaar somar links en regs.)

„O, Krakertjie, my ou skat, is dit nie heerlik om mekaar so op te beur en lief te hê nie? Nooit weer nie, Krakertjie—nooit, *nooit* weer nie. Nou kan die droogte ook maar druk—ons hou maar moed.”

„Ons hou moed, Soufie, en ons dink dan maar terug aan die dae toe die Heer ons ou land met met milde reëns geseën het, en dan hoop ons dat die Heer ons eens weer so sal seën.”

„Ja, weet jy, Krakertjie, nou ek so daaraan dink, dit sal tog te heerlik wees om aan daardie ou lekker dae te dink. Ai, weet jy nog hoe die gras en blomme in daardie dae gestaan het?”

„Moenie praat nie, Soufie! En onthou jy nog hoe ou Gousblom en Hartjie en Liefing en Blesmeid en al ons ander melkkoeie die skuim somarso oor ons ou groot melkimmers laat waai het?”

„Moenie praat nie, Krakertjie! Ek weet, ek sien nou alles weer so voor my oë. En dink tog net aan die hope botter en pockels van hamels en beeste wat ons Kenhardt-toe gestuur het. . . .”

„Ja, Soufie, ja—a—a; dis mos ook daarom dat die kerkbasare in daardie dae somarso maklik ses-, seweduisend pond kontant opgebring het.”

„Ag ja, Krakertjie, dis tog jammer dat daar in daardie dae geen A.C.V.V.'s gewees het nie, want dan sou hulle vandag nog ou roesgeld op die banke gehad het.”

„Ja, Soufie, maar ek dink hulle dae sal weer kom, want dis nog altyd dieselfde barmhartige Vader wat regeer.”

„Ja, dit is dieselfde Vader, Krakertjie. Kom dan, en laat ons die Heer nou op ons knieë vra om ons te vergewe en ons weer soos vroeër te gedink. Kom, dis al donker, maar ek het nog 'n



ou tweeduum-kersie wat nig Mietjie vir my op my verjaarsdag verlede maand geskenk het; kom, ons steek hom nou vanaand op en dan skaar ons ons rondom ons ou tafeltjie, en dan lees jy, en dan kniel ons neer soos nog nooit tevore nie."

„Soufie, jy is al lank my vrou, maar nou verstaan ek jou eers rêrig. Kom, gee my eers nog 'n soen, en julle ook, Miassie en Petrissie." (Ouers en kinders omhels weer mekaar.)

„So, Soufie, laat ons nou maar begin met te sing van Psalm 81: 12. Luister, kinders:

,Opent uwen mond,  
,Eischt van My vrymoedig  
,Op Mijn trouwverbond.  
,Al wat u ontbreekt,  
,Schenk Ik, zoo gij 't smeekt,  
,Mild en overvloedig.' "

## XII

### BOESMANLANDSE VOSBLESSE.

---

Vir enige perd se maag is die goudgeel kraalbos van Boesmanland baie goed; maar pas darem op, want daar is tog een uitsondering: Vir 'n vosblesperd se maag sal dit glad nie help nie, want 'n vosbles sal eenvoudig vrek as sy maag op tog durf ongesteld raak.

Nou die dag nog het ou Jan Kouga van Breekknie af gekom. Sy perde se mae het uit orde geraak. Een van die stomme diere is toe ook somar vrek—maar sien, dit was 'n vosbles.

As ek vandag 'n lys moet uitskrywe van al die Boesmanlandse perde wat aan maagkwale beswyk het, dan sal uit elke honderd goed neëntig vosblesse wees. Maar ek sal dit nooit doen nie, want ek sal my peetje af maandelank net vosblesse se name moet opskrywe—en arme ek voel nou al senuweeagtig net vir die woord vosbles. Maar ná wat ek nou ongelukkig hierbo al neergeskrywe het, sal ek dan maar met die hele droewige verhaal van die 30ste en 31ste Desember van 1923 moet voor die dag kom, hoewel dit my so walg.

Ek en my maat wou die Nuwejaarsdag van 1924 op ou Hakkellekkel gaan deurbring; en toe wou ek mos ongelukkig somarso lekker en spoggerig ry. En, soos die hele wêreld weet, moet 'n mens net juis 'n kar met vier perde hê om spoggerig te ry. Nou goed, ou Kool Blesmoles sou ons dan nog twee perde by ons twee gee.

Ons afslanerkapkar word dik vernis om te skitter; ons tuie word gewas en met Sunlightseep goed ingesmeer om lekker sag te wees; ons beste klere word uitgeklop, afgestof en terdeë geborsel; ons pitvoer word in grootmaat uitgemeet en eenkant gesit, en twee van ons beste streepsakke word tot barstens toe vol kaf gestop. Ons watersak, ons vierperdeswepie, ons kussings en velkooigoed, ons rooster en keteltjie—alles word noukeurig beloer en in die haak gebring. En een ding is seker: Alles was ook eindelik net so agtermekaar as selfs 'n koning vir 'n toggie in Boesmanland mag begeer. Arme ek was nog nooit so in my skik nie. Die vooruitsig van 'n heerlike kuiertjie het ons dan ook so bly en goedsmoeds gemaak dat ons somar een streek deur gelag en grappies gemaak het.

Spoedig het die môre van 30 Desember 1923 ook aangebreek. Dit was die heuglike tydstip van ons vertrek. My val die groot genot te beurt om self die vier leisels te vat. En toe ek die vier sekelnediere eers so linksweg laat uitspring en toe somar haarweg laat omsit onderwyl ek die dun swepie so oor hulle waai, toe wens ek in my hart dat die hele wêreld my handige „prakate” kon sien. Die kar, die sandboë, die swepie, die leisels, die perde—dit staan alles onder my beheer. Ek het my selfs ver bo 'n stuurman aan die roer van die magtigste slagskip verhewe gevoel, wat nog te sê 'n arme drommel van 'n motorbestuurder of enigeen van daardie soort bestuurders wat met stinkende petrol en morsige steenkool spook, waarin geen natuurlike lewe is nie. Ja, ek kon so opswel van louter trots, waarop ek ook in my oog ten volle geregtig was. Vier sagte,

spierwit leisels aan sterk, blink stange wat in sulke ongevoelige en harde perdebekke hang, is darem ook nie somar bogtery nie. Die man wat aan hulle vat, voel op die oomblik 'n gans ander mens. Jy sit en hou die leisels so, en voel hoe die vier diere jou met kar en al vorentoe ruk. Hier in die palms van jou hande voel jy die onweersaanbare krag van hulle bekke. Maar hulle is ewe onderdanig aan jou wil. Jy stuur vier kragte wat jou en jou karretjie enige tyd te pletter kan ruk. Maar hulle het verstand en verstaan vir jou. Trek jy jou asem saggies fluitende op, dan spring hulle vinniger vorentoe; stoot jy jou asem skerp fluitende uit, dan kom hulle oombliklik tot bedaring; elke trek aan die leisel, elke woordjie van jou mond verstaan hulle. Hulle luister fyn en voel nog fyner. Hulle weet somar wanneer jy agter hulle sit en spog, en dan pronk en praal hulle ook. Hulle is daar voor jou in die wapad net om jou te plesier. Immers, hulle is vier getroue, lewendige wesens—nie ou dooi stuurwiele sonder gevoel nie. Ja nee, ek het my ten volle gelukkig gevoel. Ek het die vier leisels so speel-speel deur die vier vingers van my linkerhand getrek. En dan tik ek so nou en dan op hulle met die punt van my regterduim, kompletee asof dit vioolsnare was.

Aangenaam? Dit was oorheerlik! Maar—wat sal ek vandag sê?—een van die twee perde van ou Kool Blesmoles was ongelukkig 'n vosbles.

En sien, so teen die middag begin ons fout by hierdie stomme dier te bespeur. Eers verslap hy somar soos iets wat verlep, later kom daar duidelike tekens dat sy maag ontsteld is; nog later begin sy ore ook al te hang. Ons moes stilhou.

Ek loop staan langs hom. O wêreld, sy asem skop of hy al die kouevuur kan hê! My moed sak in my blink skoentjies. Wat nou?

Links van ons lê 'n plaas. Ons sal maar moet daarheen uitdraai. Hier is juis die pad na die plaas toe. Met 'n groot sug draai ek weg van ons pad af, maar die arme vobles sleep al selfs sy voete. Dis 'n ander man se perd. Ons het hom nie gehuur nie, en so sal ons hom moet betaal as hy vrek. Dit gaan nou op 'n treurige stappie. Ons sit doodstil. Ek weet glad nie eens dat ek aan die leisels hou nie. Ek kyk na die son; dit word laat. „Mastig jong, stoot aan!” sê my maat. Ek swaai my swepie deur die lug. Die drie gesonde perde spring weg en ruk die vobles onderstebo!

„Hou, mastig hou!” skree my maat. Ek word kwaad. „Hou jou snater!” sê ek.

„Loop na die hoenders!” antwoord my maat.

Die vobles lê en skop; die ander drie perde staan en snork skrikkerig.

Ons sukkel die vobles weer op die bene. Sy maag rommel soos 'n skommelende bliktrommel; sy ore hang pap; sy oë is dof en ingeval; sy neusgate skyn te klein—hoe wyd hulle ook al rek—vir die swaar, gejaagde asemhalings; sy onderlip hang los en bewe.

„Hy gaan wragtie vrek,” kerm my maat.

„Hou op met sweer en swets,” sê ek.

„Gaan na die hoenders,” antwoord hy.

Ek word boos en ruk aan die vobles se blink stang, maar net sy nek rek vorentoe. Hy het hotvoor getrek. Terneergeslae span ek hom uit en probeer toe om hom uit die pad te trek. Dit gaan sleep-sleep. My maat gee hom 'n harde

raps. Sy stert ruk op en struikelend spring hy vorentoe. Ek haak agter 'n stompie en slaan met geweld teen die grond.

„Weg daar agter die ellendige dier, jou . . . . jou . . . .!” skree ek, stikkende van woede.

„Loop na die maan,” antwoord my maat.

Ons het orige rieme. So haal ons dan meer die swingels af en span die gesonde voorperd alleen met lang stringe in, en laat vat na die naaste plaas, waar ons bitter teleurgesteld met net so 'n klein entjie son aankom. Hier klae ons ons node, en die plaasbaas kry ons jammer. Hy sou ons nou somar 'n lekker voorperd leen; dan kon ons die volgende môre voor dag en dou vertrek. Hy bied ook aan om self die vosbles wat ons langs die pad moes agterlaat, te gaan besoek en dokter. Hy het tog alte goeie raad vir 'n perd se maag. Ons vat weer moed.

By die eerste haangekraai die volgende môre spring ons op en gooi weer vier perde voor ons kar. Ons trek weg. Dit gaan net fluks.

Toe dit lig word, sê my maat verwonderd: „Maar, my tyd, dis mos weer 'n vosbles!”

„Hou maar jou snater,” sê ek.

„En as dit reent, val daar water,” sê my maat laggend. Ek lag saam. Ons is weer regte eensgesind en broederlik. Dit gaan dan ook so lekker jolig vorentoe.

Maar, sien, so teen die middag begin ook hierdie nuwe vosbles tekens van ellende en kwellings in die maag te toon.

„Toe, hoe lyk dit nou?” vra my maat.

„Kyk hierso, laat staan vir my,” waarsku ek hom.

„Nou loop na jou peetje,” antwoord hy.

Die vobles word gou swakker. Ons moes maar eers uitspan. Ons laat hom kraalbos vreet en ons prop hom 'n boel gekerfde tabak in die keelgat. Hy sluk darem en struikel lusteloos al rondom die kar. Ons oë bly net op hom. Ons eet nie en kry nie eens lus om 'n bietjie koffie te maak nie.

Later lyk dit of ons darem weer 'n entjie vorentoe sal kan waag. Sonder 'n woord span ons in en trek weg. Dit gaan maar moeilik en beroerlik. Tog, ons kom weg.

Maar nie te ver nie, of ons moes weer uitspan, kraalbos laat vreet, gekerfde tabak inprop, 'n bietjie laat rondstruikel, en dan maar weer inspan. En hierdie gesukkel moes ons die dag nog drie-maal herhaal. Die vobles wou later niks meer sluk nie. Maar ons wou nie hierdie perd ook weer agterlaat nie. So het ons maar gestoei en gesukkel tot ons eindelijk laat in die aand uitgeput en op die allerlaaste stappie op ou Hakkellekkel aangeslinger kom. Die mense het ons ou affêre vir dié van 'n ou smous aangesien.

Toe ons die vobles uitspan, smyt hy homself letterlik neer. Die mense is ook baie jammer vir ons en hulle begin somar die siek dier te dokter. Maar wat, die volgende môre lê hy stokstyf . . . gevrek. . . !

Nog nooit het ek my so veel moeite getroos en klaargemaak vir 'n Nuwejaarsdag nie, maar nog nooit het ek so 'n aaklige dag deurgebring nie.

My maat het my gesê: „Jong, laat staan 'n ander man se perde.” Maar ek wou mos met vier perde ry. En nou het ek 'n voorgevoel dat die ander vobles ook sal vrek. Dit sou 'n hele boel geld kos, want betaal sal ek moet.

Vosblesperde het altyd voor my oë geswewe. Ek was alte bly toe die Nuwejaar om was. Die mense wou ons nog hou, maar ek moes weg. Toe wil hulle ons weer 'n perd leen, maar toe sê my maat: „Nee, asseblief tog nie.” En ek herhaal sy woorde met alle erns. Hulle sê dit sal nie 'n vobles wees nie, maar ons maak of ons hulle nie hoor nie.

Baie hartseer kom ons weer op die plaas waar ons die tweede vobles geleen het. Ons was te bang om die baas te vra hoe dit met die ander siek perd afgeloop het; maar toe sê hy:

„Julle perd is vrek, daar was niks aan te doen nie.”

„Ja, wrintig, dit het ek geweet!” roep my maat uit, en vertel toe die hele geskiedenis van sy perd ook.

„Ja,” sug die man dit so af, en sê: „Ai, ai, en ek het dan nou die dag nog 'n aanbod van £30 vir die perd gekry!”

Ek skrik hewig, maar sê: „Moenie huil nie, Oom, ek sal jou die £30 betaal.”

„Nou ja, dankie dan, my ou nefie,” sê hy gerusgesteld. Toe gaan span ons somar in om tog net daar weg te kom.

Ou Koos Blesmoles het gou ook van al ons ontmoetings verneem. Toe pols hy uit wat ek vir die tweede vobles moes betaal, en toe sê hy: „Dis rêrig baie min, maar daar ek jou bejammer, kan jy dan maar vir my perd ook soveel betaal.”

En so kos die toertjie vir „ou nefie” net maar £60. En „ou nefie” moes by bure geld leen om die twee ou Farisese voblesbesitters tevrede te stel, en daarna slaaplose nagte deurbring van planne maak hoe om weer die bure te betaal. En boonop moes „ou nefie” na sy dierbare noointjie met die



jobstydning dat hulle voorgenome huwelik nou ten minste vir nog twee jaar sal moet uitgestel word. Maar die noointjie kon glad nie verstaan hoe twee vosblesse jou huwelik durf verhinder nie. En so het sy baie agterdochtig geword en die uitstellery net vir aan-die-lyntjie-houery beskou, en toe maar onder 'n vloed van trane vir „ou nefie” afgesê, en later met „ou nefie” se maat gaan trou.

Diep gegrief en bedroef sê „ou nefie” toe aan sy maat: „Dis darem nie die plan dat jy my noointjie vat nie.”

„Ag, gaan na die maan, of koop 'n vosbles,” sê hy.

Sien, dis die storie wat my vandag so verspot laat voel. En wie ken nie vir Boesmanland nie? Daar word mos ook fyn gespot en baie gespot.

Die verbrande Hakkelkekkel se mense het vir my later Vosbles genoem. Want, sien, hulle het gou van al my onheile gehoor, en toe was die gort gaar. En nou is ek met dié ellendige bynaam getroud pleks van met daardie liewe, nooit te vergete noointjie.

Nooit kan ek 'n Evasdogter weer so bemin as ek haar bemin het nie. Tog het ek nou kort gelede vir klein Jaaitjietjie—net om tog maar 'n sorg te hê—gevra om met my te trou. Sy het my toe met groot oë aangekyk, in 'n skaterlag uitgebars en gesê: „Nee, Boetatjie, net met 'n Vosbles trou ek darem nie.” Sien, sy ken weer die storie van 'n armsalige ou vosbles wat ek nogal vroeër self besit het. Hy moes kastig dien as 'n ryperd. Maar eenmaal het hy my kerkbroek oopgeskeur toe ek hom beslaan het; toe het hy my weer afgesmyt dat my sleutelbeen gebreek het; en kort daarna het hy met my in 'n vlei water gaan staan dat ek my kleertjies moes uittrek en self

uitspartel; en nog 'n bietjie later het hy aan 'n maagkramp gevrek. So het die een ding die ander gevang.

Nou die dag kry ek weer die volgende brief van oompie Miassie wat in die Bokveld woon :—

„Seer Lief ou Nefie,—Ek heef gehoord gij wil vandeessaar in Bokveld komen ploegt. Bring dan tog asseblief mijn parden saam. Kyk, gij ken mos vir Vreesniet, den vosbles rijperd van mijn? Gij kan hem maar hierheen rijd, want hij ben sterk en lopen seer gemakkelijk . . .”

Ek lees nie eens verder nie, want ek dink : Pas op 'n bietjie ! Ek gaan kruip van nou af liewer in 'n erdvarkgat voor Boesmanland my weer agter of op 'n vosbles sal sien.

Maar ek wou oompie Miassie darem ook nie teleurstel nie. Ek maak dus sy perde bymekaar, klim op my eie ou swartkol en begin die spul perde aan te jaag.

Die ou wêreld was maar sleg. Hier en daar het kort vantevore ou motreentjies geval, en so het net haasgrassies en pasleintjies hier en daar so knappies bo die grond uitgekom. Die erdwurms het orals op hierdie ou groenigheidjies sand uitgewerk; en so gebeur dit dat die hongerige perde gou 'n hele boel sand in hulle mae saam met die ou knap kossies het. Oordags gaan dit op 'n aanhoudende draf Bokveld-toe. En, sien, die geskud met die lae sand kon die arme perdemae nie verdra nie. En enkele perde word somar papsiek. Maar ek jaag hulle gou na die eerste die beste kraalboslaagtetjie. Almal vreet toe kraalbos, behalwe Vreesniet. Hy skop na sy maag, draai so 'n paar maal, stert hoog in die lug, al in die rondte, en toe smyt hy hom neer en rol.

Ek was baie haastig, want ek moes die dag nog 'n hele skof vorentoe om die volgende dag betyds water te bereik. Toe al die ander perde nou genoeg kraalbos na my sin gevreet het, roer ek maar weer los. Met almal—behalwe met Vreesniet—gaan dit toe ook somar beter. Slaplitsleepvoet stap hy nou heel agteraan met 'n hoog-opgetrekte krom rug soos 'n ou kameel. Ek loer hom maar so uit die hoek van my oog, maar verder traak my dit glad nie. Vir hom ook weer £30 betaal? Moenie glo nie!

So hou dit aan tot op die end van die skof, waar ek toe oornag.

Die volgende môre vroeg tuur ek so in die skemerlig rond om te kyk of ek nie perde gewaar nie. Toe hoor ek iets kreun. Ek stap nader. Ja, hier lê Vreesniet, die enigste vosbles onder die klomp. Hy het al die doodstrekings. Ek word so weekhartig en gaan staan tussen sy vier bene en druk saggies op sy pens. Meteens ruk hy hom weer inmekaar en skop my vervlaks binne in 'n giftige wolfdoringbos dat ek so hik. Maar ek voel toe glad nie die brand van die skop en die dorings nie.

Met 'n gesmoorde uitdrukking vlieg ek uit die bos. Maar hy het toe reeds gevrek, want daar was glad geen worsteling of selfs kortste asemhaling meer te bespeur nie. Tog voel ek baie afgekoel en stap tevrede weg, te bly maar dat geen ander sterfling ook van hierdie ontmoeting met nog 'n vosbles weet nie.

### XIII

#### 'N BOESMANLANDSE ONTDEKKING.

---

Ou Jan Linkerblad het by Josie Poggie kom kuier, en toe gesels hulle so oor die moeilike tye.

„Ja,” sê Josie Poggie, „jy kan vir my glo, ou Linkerbladjie, ek het nie eens meer één bakseltjie meel in my huis nie, en geld het ek ook nie om tog 'n ou bietjie meeltjies te koop nie—so, die Vadertjie weet alleen hoe dit nou moet gaan.”

„Maar, man,” antwoord Linkerblad, „dan kan ek jou raad gee. Kyk, ek het gehoor ou Salfie Kuile het nog vyftien mud koring om te verkoop; so, dan kan jy mos maar vir hom van die koring laat vra en hom belowe om te betaal sodra jy 'n ou geldjie gemaak het.”

„Goed en wel,” sê Josie Poggie; „maar sê nou hy wil nie uitstel gee nie.”

„As jy na hom met die bedroefste bakkies van verleentheid gaan,” antwoord Linkerblad weer, „en jy soebat vir hom soos 'n opregte Boesmanlander wat rêrig uit broodkos is, dan wed ek sal hy vir jou 'n ou skepseltjie of dalkies nog glad 'n ou mudjie afbreek, en boonop nog uitstel gee ook.”

„Baie dankie vir jou raad, Linkerbladjie,” sê Josie Poggie. „Ek sal by hom gaan aanklop. Wie weet, vra is mos vry.”

Nog dieselfde aand maak Josie Poggie dan ook al klaar om voor sonop die volgende môre na ou Salfie Kuile te gaan om „broodkossies.” Maar

toe kom sy swaer, Pieter Kiskyk, by hom en begin ook somar oor die moeilike tye te gesels. Hy het ook nie meer 'n krieseltjie meel—ja, nou nie eens 'n bietjie om in jou oog te gooi in sy huis nie. Josie Poggie vertel hom toe van die raad wat ou Jan Linkerblad hom gegee het om na ou Salfie Kuile te gaan.

„Ag ja,” sê Kiskyk daarop, „ek sug nou liever 'n jaart lank, want waar sal *ek* tog die geldjie kry om by ou Salfie Kuile 'n ou broodkossie te gaan koop?”

Dis waar, Kiskyk was 'n brandarm man en het geen hoop gehad om binnekort geld in hande te kry nie. Josie Poggie het dit geweet en hom baie jammer gekry. Daarom sê hy toe: „Ag wat, broer Kiskyk, moenie so sit en sug en treur soos die profeet Jeremia nie; kyk, ek is maar 'n baie skaam man om iets op skuld te koop. Ek sal dus liever 'n smeekbrief aan ou Salfie Kuile skrywe om so 'n sak of vyf, ses koring; dan gaan gee jy hom die brief en help soebat somar vir my part ook. En as hy my help, dan bring jy ook somar die koring, en dan gee ek jou 'n mud present.”

„Nou, baie dankie dan, boet Poggie,” sê Kiskyk. „Gee net die brief, en ek sal vir jou part gaan soebat tot ou Salfie met sy hele huisgesin in trane sit oor jou verleentheid.”

Die brief is gou geskrywe en aan Kiskyk, wat toe ook somar vertrek, oorhandig.

Maar twee dae daarna kom Kiskyk ewe treurig-gestemd weer by Josie Poggie met die volgende jobstyding:—

„Boet Poggie, ek het op pad na ou Salfie Kuile vir ou tant Kerlientjie teëgekom. Sy was ook na die ou om broodkos; maar sy moes leëhand omdraai, want ou Salfie wil net kontant hê om sy

rekening by ou Soeslemoes te betaal. En nou weet boet Poggie dat ou tant Kerlientjie 'n arme weduwee is wat met haar gesoebat die hardste klipsteenhart kan breek. Toe ek dus hoor dat sy tog darem nie geholpe is nie, toe het ek maar omgedraai."

„Ja, nee,” antwoord Josie Poggie, „waar sy geen verhooring kry nie, kan ons twee maar laat staan.”

En daarop span die twee swaers saam om nuwe planne te maak om koring of meel in hande te kry; maar ná 'n baie lang diskussie, gaan hulle onverrigtersake uitmekaar.

Weer twee dae later kom ou Jan Linkerblad weer by Josie Pogie en vertel dat hy gehoor het dat ou Salfie Kuile sou gesê het dat enige man maar by hom koring kan kom haal as die persoon net aan ou Soeslemoes sal belowe om sy (ou Salfie se) rekening te help betaal.

„Maar hoekom het hy dan nie vir ou tant Kerlientjie gehelp nie?” vra Josie Poggie.

„A, maar sy is mos maar 'n arme weduwee,” antwoord ou Linkerblad, „en ou Salfie weet dat die hele Boesmanland hom sal kwalik neem as hy so 'n hulpelose ou vrou opdruk oor geld wat sy dalk tog nie kan betaal nie.”

„Wil jy glo,” sê Josie Poggie. „Ai, die wêreld is darem maar hard teen dié wat swak, hulpeloos en byna reeds kop onder water is!”

„Ja,” stem ou Linkerblad in, „vir sulkes het die ou wêreld deesdae geen genade meer nie.”

Kort ná ou Linkerblad se vertrek, skryf Josie Poggie toe 'n omslagtige brief aan ou Soeslemoes. Hy deel hom mee dat hy gehoor het dat ou Salfie sal koring verskaf net aan wie die rekening sal

help betaal. Hy maak duidelik dat ou Salfie £1 5s. per mud vra; dat hy graag ses mud teen die prys wil koop; dat hy binnekort geld in hande sal hê; dat hy dan die £7 10s. vir die ses mud aan ou Soeslemoes sal oorhandig; dat ou Soeslemoes dan tog asseblief, asseblief se blief vir hom nou net 'n briefie moet stuur wat hy aan ou Salfie kan toon dat hy reeds klaar belowe het om £7 10s. op die rekening te help afbetaal vir ses mud broodkos.

Toe huur hy vir outa Plooitjies vir een sjieling aan geld, een span tabak, een dosie vuurhoutjies, twee ou broeklappe en 'n blad vleis om tog gou-gou die lang pad na ou Soeslemoes toe af te draf met die brief. Dit was baie ver, en outa Plooitjies het maar eers teen die derdedagaand weer tuisgekom met 'n antwoord van ou Soeslemoes.

Pieter Kiskyk was ook teenwoordig toe outa Plooitjies die brief aan Josie Poggie aflewer. Hy het van sy swaer se laaste plan gehoor en nou spesiaal oorgekom om self te hoor wat ou Soeslemoes antwoord. Is die antwoord gunstig, waaraan hy glad nie twyfel nie, dan kan hy mos, soos hy en Josie Poggie reeds ooreengekom het, somar dadelik die koring gaan haal en op dié manier ook weer 'n ou broodkossie in hande kry. Sy arme kinders huil mos darem ook al dag vir dag oor brood.

Josie Poggie was ook so bly oor die brief dat hy hom ewe versigtig hanteer en bedagsaam met 'n mes oopsny. Haastig laat hy toe eers sy oë oor die inhoud van die brief gaan, en roep toe diep teleurgesteld uit:

„O-o-o-o, my maskas, ons is weer verspot!”

„Wat, boet Poggie, wat sê jy!” roep Kiskyk nou weer uit.

Toe lees Josie Poggie vir hom die volgende voor:

„Ek kan nie vir jou 'n briefie aan ou Salfie Kuile gee nie en jy kan nie die £7 10s. aan my betaal nie, want ek weet van geen rekening wat ou Salfie aan my moet betaal nie. Maar as jy £7 10s. vir ou Salfie self wil gaan gee vir ses mud koring, dan sal ek my met julle transaksie nie bemoei nie, want ek steek nooit my neus in andermans sakke of sake nie.”

„Maar kyk, dan spot hy nogal daarby!” sê Kiskyk.

„Ja, en skimp ook,” sê Josie Poggie, „maar ek het dit alles net aan die bogstories wat ou Linkerblad gehoor het, te wyte.”

Maar 'n mens mag mos nie van die duiwel praat nie, of hy is naby. En so was dit ook in hierdie geval. Linkerblad was al die tyd baie nuuskierig om te weet of Josie Poggie deeskeer deur sy raad geholpe is. Ook het hy so stadig-aan self aan broodsgebrek begin ly. Hy meen dus dat dit glad nie sleg sal wees as Josie Poggie met koring kan geholpe raak nie, want dan kan hy mos ook 'n mud leen. Hy sou dus weer gaan uitvis hoe ver Josie Poggie met die saak gevorder het.

Skaars het Josie Poggie dan ook die laaste woorde soos hierbo ge-uit, of ou Linkerblad kom self binne.

Toe pak die twee swaers hom ook somar tege-lyk oor al die stories wat hy omtrent ou Salfie Kuile se koring en rekening vertel het.



Maar hy noem getuies met hulle adresse daarby om te bewys dat hy net vertel het wat hom deur geloofbare persone as die reine waarheid meege-deel is. Ook oortuig hy hulle dat hy maar met die beste bedoeling gehandel het. En toe hy van ou Soeslemoes se antwoord verneem het, sê hy :

„Nou, maar dan is die saak nog altyd nie verlore nie. Skryf nou somar reguit aan ou Salfie 'n brief en vra hom die koring soos ek reeds van-tevore aangeraai het om te doen. As hy vir ou Kerlientjie nie wou uitstel gee nie, is dit nog geen bewys dat hy 'n man wat binnekort kan betaal, ook nie sal uitstel gee nie.”

„Ja, wil jy glo? Ek kan dit darem ook nog waag,” antwoord Josie Poggie.

Vroeg die volgende môre was outa Plooitjies weer op die wapad met 'n brief vol van die ootmoedigste taal en smeekbedes om ses mud broodkos.

Nou sal hulle darem seker geholpe word. Pieter Kiskyk gaan ook al 'n hele klomp boesmangras vir sy span donkies sny vir die pad, want as outa Plooitjies terugkom met die antwoord, dan moet hy wat Kiskyk is somar dadelik inspan en die koring gaan haal. Sy stomme ou kindertjies huil darem nou ook al so oor brood, brood, dat hy dit nie meer kan hou nie.

Na ou Salfie Kuile toe was dit ook maar verbrands ver. Outa Plooitjies het soos 'n ryperd geloop, want hy het deeskeer somar 'n groot blik suikerstroop van baas Josie Poggie as beloning ontvang; nou kan hy mos van die stroop bier maak net sodra hy tuiskom. Half kapot kom

hy dan ook binne drie dae van oubaas „Salfies Tjuile” af terug by baas Josie. Maar ou Salfie het nie geskrywe nie: hy het laat weet dat hy byna vyftig jaar gelede laas met pen en ink gepeuter het, toe sy ou vrou nog 'n jongnoui en hy nog 'n jongkêrel was—dus stuur hy maar 'n mondelingse boodskap. Outa Plooitjies moet maar vir baas Josie Poggie sê dat dit hom baie spyt, maar hy het reeds sy koring verkoop. Maar sy ou broer, ou Alsie Kuile, het nog koring om te verkoop; maar ou Alsie is ongelukkig nie tuis nie, want hy het met hulle vee na die Bergeveld getrek. Ook het ou Alsie al die koring so half aan ou Eeltjie Toonbank toegesê. Tog sal ou Salfie darem na ou Alsie stuur en laat hoor of hy die koring aan Josie Poggie sal verkoop as Eeltjie Toonbank net sy toestemming daartoe wil gee. Dus moet baas Josie Poggie nou net vir Eeltjie Toonbank laat vra of hy nie maar liever sy koringkoperie by ou Alsie sal laat vaar nie. Maar as ou Eeltjie sou inwillig, moet hy darem ook 'n briefie vir baas Josie aan ou Alsie saamstuur dat hy afstand doen van die koring. Dan moet baas Josie net die briefie maar aan baas Salfie stuur, en dan sal hy wel sorg dat baas Josie die koring kry.

Ná die ontvangs van hierdie boodskap het Linkerblad en Kiskyk weer kom verneem hoe sake nou staan. Toe het hulle drie saam vergadering gehou en eindelik eenstemmig besluit om maar te doen soos ou Salfie Kuile gesê het. Maar outa Plooitjies was nou te moeg om weer in die wapad te voet te spring. Ou Linkerblad het egter raad. Hy het 'n ou hondmak merrie wat tog 'n alte maklike passie loop. Neef Kis-

kyk kan dus maar die ou dier vat en gou na ou Eeltjie Toonbank toe ry om die vereiste briefie. En Kiskyk was ook nie links nie. In 'n kits het hy opgesaal en op 'n harde galop weggeja.

Ou Eeltjie het egter ook 'n stywe stiebeuel van daar af gewoon, en die ou merrie het gou flou geword, want haar ou ingewande was al vrot gevreet van honderde papies wat al aan haar ou keelderms ook begin knae het.

Arme ou dier, sy het darem moedig vorentoe gespring en al haar ou kraggies ingespan om die vreemde baas na sy bestemming te bring; maar eindelijk het sy skielik haar ou kop laat sak, uit die pad probeer wegdraai en somar onder haar ruiters inmekaar gesak. En toe Kiskyk verskrik afspring en haar bekyk, was sy al dood en weg uit die land van broodsgebrek.

Maar Kiskyk het geen druppel tyd nie. Haastig gooi hy saal, toom en kleedjie agter sy blad en spring nou self te voet in die wapad met sulke lang, lang hale.

Josie Poggie en Linkerblad het daelank tevergeefs op die koms van Kiskyk gesit en wag. Immers, ou Eeltjie Toonbank was ook nie tuis nie. Hy was op 'n ou handelstoggie uit, en so het Kiskyk toe weer op sy beurt vir ou Eeltjie gesit en wag. Maar toe dit later vir Kiskyk lyk of ou Eeltjie sy toekomstige lewe heeltemal op die ou handelstoggie sal verslyt, het hy maar ou Linkerblad se saal by iemand laat bly en by dieselfde persoon 'n emmer rogmeel geleen en hom daarmee huiswaarts begewe. En na 'n afwesigheid van byna 'n week kom Kiskyk eindelijk by Josie Poggie aan met die klompie rogmeel agter sy rug. Kiskyk het baie ondervinding van broodsgebrek

gehad, en so het hy darem uit jammerte ook aan Josie Poggie en ou Linkerblad se huisgesinne van sy rogmeelroosterkoeke laat stuur, en almal het weer 'n slag smaaklik geëet. Ou Linkerblad was selfs so bly om die roosterkoek dat hy maar vir Kiskyk vergewe het dat hy sy ou perd „doodgery” het, soos hy wou voorgee.

„Raai bietjie julle,” sê ou Linkerblad ook, „die rogmeelroosterkoek kom tog ook net baie goed ooreen met my ou maag.”

„Ja, en dit smaak maar net lekker ook,” sê Josie Poggie, „en ek het somar lus en laat koop nou liever rogmeel; Kiskyk sê waar hy die klompie gekry het, is nog somar baie.”

Ou Linkerblad was vreeslik bly om dit te hoor, en toe moedig hy ook somar vir Josie Poggie aan om tog nie 'n dag langer uit te stel nie, „want rogmeel is ook 'n ding wat kan opraak.”

Josie Poggie laat roep toe vir Kiskyk en belowe hom 'n sak rogmeel as hy en outa Plooitjies, vir wie hy ook 'n emmer belowe, gou vir hom 'n tien, twaalf sak rogmeel wil gaan haal.

Dit was net so na Kiskyk se sin, en spoedig was sy span donkies voor sy wa en hy en outa Plooitjies weer op pad. En nou het dit baie voorspoedig gegaan, want net na 'n paar dae het die wa van Kiskyk so vlak voor Josie Poggie se deur kom stilhou met vyf sak rogmeel en sewe sak ongemaalde rog. Die eenaar van die rog het ook gesê hy vertrou vir Josie Poggie en hy sal vir hom uitstel gee om te betaal wanneer en soos hy kan.

Nou was die hele wêreld reg. Ou Linkerblad het ook somar 'n sak meel en 'n sak rog te leen gekry, en toe het die drie vrouens teen mekaar begin wedywer wie die allerbeste rogbrood kan

bak. Hulle het dus al drie hulle deeg baie goed behandel en dit baie goed geknie en verder met alle versigtigheid bewerk. Uit drie verskillende bakoonde het dan ook herhaalde male die heerlikste, donkerbruin-gebakte rogbrood te voorskyn gekom. En die brood was baie gesond en het tog alte lekker gesmaak by sagte skaapvet. Kiskyk se ou kindertjies het somar heeldag gelag en rondgejakker. Ou Linkerblad se ou maag was nou ook glad nie meer so omgekrap nie.

En toe dit met die drie huisgesinne nog so lekker gaan, kom daar 'n ou jong van ou Salfie Kuile met 'n boodskap. Die ou laat weet dat hy toe na sy ou broer Alsie in die Bergeveld gestuur het omtrent die koring. En die boodskapper het toe juis vir ou Eeltjie Toonbank by ou Alsie gekry, en ou Eeltjie het toe gesê dat ou Alsie maar vir sy part die koring aan Josie Poggie kon wegmaak. Nou moet Josie Poggie dadelik laat weet of hy nog die koring wil hê, want daar is alweer 'n ander koper ook vir die koring.

Daarop gaan Josie Poggie sit en skryf vir ou Salfie Kuile die volgende brief:—

„Liewe en beste oom Salf,—Ek is al geholpe, want ek het heerlike rog te koop gekry. Ek stuur ook somar vir Oom vir al die moeite 'n lekker, grot rogbrood, dig toegedraai. Dan kan Oom ook proe hoe lekker dit smaak. Verkoop dus maar die koring, want ek het dit nou hoegenaamd nie nodig nie. Vir Oom se ou jong het ek ook 'n groot rogbrood vir sy moeite gegee. Baie dankie ook dat Oom my laas na ou Eeltjie Toonbank se plaas gestuur het, want daardeur het my swaer, Pieter Kiskyk, op die rog afgekom. Gister het ek vir arme ou tant Kerlientjie ook rogmeel

gestuur, en sy het in die nag daarvan roosterkoek gebraai, en my vanmôre juis laat weet dat niks op aarde haar ooit so verbly het nie, want die koek smaak tog te lekker. Nogmaals van harte bedank, liewe, beste oom Salf, want hoewel onwetend en nie met voorbedagte rade nie, is Oom tog die man wat daartoe bygedra het dat ons die groot ontdekking van die heerlike rog gemaak het. Ek sê nie ons sal nooit weer koring koop nie, maar ek is seker ons sal darem altyd rog ook koop. En ek is ook seker dat ons voortaan in alle liefde en dankbaarheid aan Oom sal dink by elke snytjie rogbrood wat ons nog op aarde sal nuttig; want glo my, oom Salf, laat ek dit maar nog 'n maal sê, dis deur Oom dat ons die grot ontdekking gemaak het.

Hoogagtend en dankerkennend,

Oom se ou vriend,

JOSIE POGGIE."

## XIV

### 'N BOESMANLANDSE WINKELTJIE.

---

Omri Oploop is 'n man wat met alle soorte karakters kan omgaan en wat alle soorte geskrifte kan lees en verstaan. En hy kan hom ook teenoor seker klante voordoen as 'n engel, teenoor ander weer as 'n totaal ongevoelige wese, en teenoor nog ander as 'n ware ou Job. „Anders,” sê hy, „is dit geen besigheid nie.”

Aan die spreekwoord „eerlik duur die langste,” steur hy hom glad nie. Hy sê niemand is volmaak nie. Waar hy dit nodig ag, gebruik hy graag 'n ou leuentjie, want dis tog alte goed vir die welstand van sy ou besigheidjie. Hy dra altyd 'n baie gerieflike mantel wat hy na elke wind kan draai. Hy ken 'n verskriklike hoop baie geheimsinnige merke wat hy op al sy artikels plaas. Daar is mense wat sê die merke dien om hom gouer te help dink wanneer hy honderd persent wins moet vra, of wanneer so 'n ietsie meer. Hy is baie gou van begrip; hy verstaan gou wie hy so lag-lag kan kul, en vir wie hy liewers moet soetbroodjies bak, of as 'n slaaf moet bedien. Hy loer gedurig deur sy winkelvenster-tjies en ken sy oorlams en slim klante reeds op dertig tree van sy winkeltjie af, maar die onnoseles en domastrantes herken hy al op goed 'n honderd tree. Dus het hy altyd meer as genoeg tyd om te bedink hoe hy met elkeen kan handel. Hy kan tog lekker soet vlei, en die stomme mense

wat steeds gewillig is om hulle met vleitaal aan die neus te laat lei, is vir hom net die lekkerste klante.

Hy kan meer klae as ander mense. Volgens hom moet hy kort-kort bankrot speel om hy in die moeilike tye maar sy negosie teen kosprys verkoop. In die koerante wat hy lees staan nooit dat die arme boere se produkte ook in waarde hoër styg nie; en hy voel tog so danig bekommerd daarvoor. Maar sy koerante vermeld altyd dat koffie, rys en suiker tog nou weer so duur is; en daarvoor maak hy hom nog meer besorg, want die Trekkers se toestand gaan hom tog so ter harte. Op dié manier sien hy ewig 'n donker toekoms tegemoet vir—sy arme ou besigheidjie, wat gedurig in die florerendste toestand verkeer.

In teenwoordigheid van alle klante is hy ook, volgens sy gedrag en woorde, die vriend van *al* die klante. Maar in afwesigheid van sommige klante sal hy ook sorg om nooit teen aanwesiges van dié afwesiges iets kwaads te sê nie. Hy prys hulle liever, veral as daar goeie vriende of familie van die afwesiges nog teenwoordig is. En die spreuk „'n vriend van almal word gou die vyand van almal,” is nie op hom van toepassing nie. By hom is dit dan nie „almal se vriend, almal se vyand” nie, want hy bly as winkelier onveranderlik. Van hom kan dus liever gesê word: „Almal gefop, maar almal se vriend.” En hy weet dit, maar skyn daarvan tog altyd heeltemal onbewus. Maar wat hy graag en dikwels sê, is dat hy ander mense altyd o, so danig wil help. En wonderlik, maar alle ander mense skyn ook altyd oor sy hulp verleë te wees. En baie van die arme ander mense heg ook al aan die woordjie „help”



dieselfde betekenis as Omri Oploop. As hulle dus 'n mudjie meel by hom vir ver bo marksprys gekoop het, sê hulle heeltemal bly en selfvoldaan : „Ja, ou Omri het ons waarlik weer met 'n mud meel gehelp.” En baie van die arme mense sukkel eintlik hard om geld te maak om vir Omri Oploop te gee. Want dan kan hy hulle mos help. Dit kom nie daarop aan *hoe* hy hulle help nie; dit traak hulle ook nie wat hy vir sy goed vra nie, en of hulle eens die goed waarlik nodig het nie: Hulle is al té gewoond om sy hulp te koop, laat dit hulle goed en bloed, hulle laaste offertjie kos—dit maak geen saak nie, solank as hy hulle maar so mooi en gediensdig aan potlode, lekkers, blakers, orige knope, orige spelde, orige lintjies kan help. En nou kan hy mos ook juis vir jou so mooi voorsê waarmee hy jou kan help.

Ou Dik Dirkie kan hier dien as een van die voorbeelde van mense wat so gesteld is op Omri Oploop se hulp. Hy is brandarm, en hy het ook 'n groot huisgesin, die ou Dik Dirkie. Jammerhartige bure het hom die raad gegee om vir hulle hout te ry. Op dié manier hou hulle hom en sy huisgesin aan die lewe. En nou ry hy vandag ou gannabossies vir brandhout rond met 'n ou krakende wa en verpotte donkies. En die mense het hom jammer en gee hom kos en klere en nog geldjies ook. En nou sou hy heeltemal kon gelewe het, hy en sy huisgesin. Maar nou voel hy hom kort-kort genoodsaak om by Omri Oploop ook hulp te seek. En net soos hy geldjies het, gaan hy vir Omri Oploop besoek. Hy is somar 'n vrolike man, die ou Dik Dirkie. En Omri Oploop weet dit, want hy ken sy klante. Toe ou Dik Dirkie dan ook nou die dag by hom kom,

sê hy: „Kyk hiersô, Diek Dierkie, jy is mos an vrolike man, an ek moet vir joe help toe koop an pragtige konsertiena.”

Dik Dirkie lag. Hy het gewheet Omri Oploop sal hom weer aan 'n „pragtige” ding help. Hy kyk ook al somarso deur die winkelrakke waar die pragtige konsertiena is.

Die konsertiena is mooi—vir sulke siele.

„Speel vir oens an wals,” sê Omri Oploop. En Dik Dirkie speel 'n wals, en nog een en nog een, want Omri Oploop sê kort-kort: „Man, spiel maar nog, spiel maar nog; joe spiel te mooi.”

Die konsertiena is nie duur nie, glad nie. Om dit „Diek Dierkie” is, kan hy dit kry vir £7 19s. 11d. Maar Dik Dirkie het op die oomblik slegs £1 2s. 1d. op sak. „Maar das nieks,” sê Omri Oploop, „das nieks, joe naam is goed, an ek sal vir joe maar laat kry die mooi dieng.”

Ou Dik Dirkie het 'n baadjie nodig gehad, want sy baadjie was nie meer 'n baadjie nie, maar toiings en rafels sonder knoop of sak. Maar daar het Dik Dirkie hom glad nie aan gesteur nie. Ook kan 'n mens altyd hier of daar miskien weer eendag 'n ander ou baadjie optel; maar nie so 'n pragtige konsertiena nie. En onderwyl ou Dik Dirkie se skulde dag na dag hoër en hoër oploop, speel hy op die konsertiena sy gewete dood. Salige Dik Dirkie, hy weet nog nie eens dat Omri Oploop reeds besluit het om hom sy wa en donkies en tuigies en laaste bokkie en skapie een van die dae te ontnem vir skuld nie. Soos 'n mot na die vlam, gaan hy speel-speel sy ondergang onbewus tegemoet.

En dis nie net Dik Dirkie wat so handel nie. Daar is, by voorbeeld, ook die sewe groot seuns

van ou tant Hannie. Hulle is net so arm en behoefstig. Hulle lewe swaar, maar hulle weet nou nog nie eens wat hulle waarlik nodig het en wat nie. En dit het al dikwels gebeur dat hulle van droë mielies lewe en in verskeurde klere transport ry, en tog hulle laaste pennie aan mondfluitjies en baie ander snuisterye spandeer. Dan is daar die jonggetroude pare—Piet Saaltjies en Hannie Saaltjies en Kosie Klos en Mientjie Klos. Elkeen van hierdie pare het die Heer 'n liewe ou eersgeborenetjie geskink; en nou het hulle hierdie ou kindertjies tog so lief—só lief, dat die ou bloedjies van die môre tot die aand lekkers en nogmaals lekkers kry. Omri Oploop se lekkers is mos ook glad nie duur nie. Want as 'n man darem ook nie heeldag vir jou kindjie „extra-strong” teen 3s. 6d. die pond, en gewone hottentotklontjies teen 2s. 6d. die pond, en gewone „mixture” teen 3s. die pond, en borssuikerstukke teen 4s. per dosyn kan koop nie, dan is jy 'n vrek en nie die ou kindjie werd nie. Hulle is ook maar arm en stuur dikwels net 'n paar skaapvelle winkel-toe. Maar dit maak niks. Omri Oploop het van alles en help jou aan alles—ook aan alle soorte lekkers, en dié moet jy hê vir die kindertjies. Vir die twee of drie „ou velletjies” moet jy dus net vra: „'n Trippens blousel, 'n trippens vuurhoutjies, 'n pennie hakies en ogies en—*vir die orige geld lekkers.*”

Hulle vra nie eens *wat* Omri Oploop vir die velle gee nie, en dus weet hulle dan ook nooit *hoeveel* die orige geld is nie. Maar dis in hulle oog glo ook nie nodig nie: Omri Oploop behoort dit mos te weet, en hy sal hulle wel aan alles help wat hulle gevra het. En natuurlik help hy hulle

ook, tot selfs met 'n stuk of wat lekkers in 'n ou kardoesie wat die wind kan wegwaai.

Daar is ongelukkig baie mense wat teenswoordig somar 'n hoop kosbare velle of ander nog kosbaarder produkte winkel-toe *stuur*, en nie self wegbring nie. Nou kan hulle mos nie self sukkel om tog ten minste ook iets vir hulle ware te kry nie; en hulle gun hulle ook nie die tyd om goed na te gaan wat dit min of meer sou werd wees nie. Hulle *stuur* dus maar die produkte—dit kom nie daarop aan met wie nie, al is dit ook 'n onnosele ou aia—en 'n byna onleesbare ou briefie daarby. Nou moet hulle maar natuurlik skat—en hulle skat altyd tot hulle eie nadeel—wat hulle alles vir die produkte mag ontbied. En nou is hulle nog boonop doodversigtig ook om tog nie dalkies te veel te ontbied nie.

Hierdie soort van handelry vind hulle dus net 'n moeilike affêre. Die man en vrou hou tesame raad daaroor. Hy vra vir haar wat hulle moet ontbied en sy vra weer vir hom. Maar eindelijk kom die vrou die eerste op stryk en dan herinner sy haar dat sy 'n halfjaartsie geruit vir 'n kosdoekie, 'n rolletjie wit gare van No. 36, 'n blikkie doepa vir haar kindjie, 'n el „iensersintjie” vir klein Tamletjie se ou kappietjie en ses hems-knopies moet hê. En nou val dit die man ook by dat hy 'n ou sooltjie, 'n ou oorleertjie, 'n dosie saalspykertjies, ens., broodnodig het. Nou gaan dit vlot, en nou begin hy of sy die goedjies op te skryf met 'n alewig stomp potloodjie. En hulle skryf nog so, dan skrik hulle; want hulle weet mos nie wat hulle produkte min of meer sou werd wees nie. Maar dan val hulle dit weer by :

„Ja, wag 'n bietjie : Ons kan mos maar net skryf dat Omri Oploop vir die orige geld koffietjies of suikertjies of soiets kan stuur.”

„Vir die orige geld”—dis maklik geskryf. Maar deur hierdie orige geld word baie Boesmanlanders besteel en Omri Oploop al vetter en vetter. Hulle beursies bly leeg; *syne* bars al.

Daar kom daaglik baie briefies na Omri Oploop se winkeltjie. Een van die briefies het gelui:—

„Mir Omie,—Ek stuur net veif velle. Stuur 6d sikspens kliphoudbas, 3d trippens 1 naald voor ons Wansir Y maasien. En dan trek u den orrigge geldjus van myn ou skuld af.”

Arme man! Hy weet nie eens hoeveel sy ou skuld of die „orrigge geldjus” is nie. En Omri Oploop vergeet maar altyd om tog ten minste 'n balans van die ou skuld terug te stuur.

En daar het al baie Boesmanlanders vir hulle doodgeskrik as hulle uiteindelik hulle rekenings uit daardie ou winkeltjie kry. Maar tog, die ou winkeltjie bly 'n heerlike aanloopplek vir oud en jonk en 'n groot ontvangstasie van alle soorte van briefies, 'n skuur vir alle boereprodukte, en 'n baie nadelige bank vir alle „orrigge geldjus.”

## XV.

### KARELTJIE EN SY TROPPIE.

---

Kareltjie het die aand vol allerhande gedagtes gaan lê. Daar was ook soveel moeilikhede dat hy nie gou kon slaap nie. Sy vader het hom kort vantevore gesê: „Kyk, Kareltjie, jou ma is darem tog nou al so beter dat ons môre sal kan trek. Ek sal jou dus môre baie vroeg roep; jy moet dan maar gou die vee water-toe bring en trek.”

In hierdie woorde was al die moeilikhede van Kareltjie opgeslote. Immers, dit was baie maklik om te sê: „Bring die vee water-toe en trek,” maar om dit te doen—daar lê die knoop. Kareltjie het dan urelank gelê en dink aan al die moeilikhede wat hom voor die deur staan, en dit was al byna middernag toe hy eers 'n bietjie rus kon kry in 'n vaste slaap.

Vroeg, net by die eerste haangekraai, het sy vader hom geroep. Hy het wakker geskrik, maar was dronk in sy kop en so deurmekaar dat hy àl in die rondte gestaan en draai het.

„Kareltjie, Kareltjie, toe dan tog nou!” roep sy vader weer.

„Ja, Pa; ja, Pa!” herhaal hy as antwoord, maar waggel nog so dronk-dronk rond.

Toe gryp sy vader hom aan die ou lang, skraal armpie en skud hom dat hy so hier en daar grond vat. En toe kom hy eers rêrig tot besinning.

„Ag ja,” dink hy, „ek moet mos die vee water-toe bring en dan met hulle trek.”

Haastig steek hy nou 'n kantientjie met water in sy kossakkie en bo op 'n stukkie kos, wat sy moeder al die vorige aand in 'n geruitlappie laat knoop het en wat bestaan uit 'n snytjie brood en 'n kappie koue vleis. Daarop gryp hy sy skaap-wagterskierietjie, groet sy ouers en stap na die veewerf, waar dit nog alles stil en vredig is in die helder maanlig.

Kareltjie begin egter somar met sy kierietjie deur die lug te swaai, stof op te skop en met sy vee te praat dat hulle moet opstaan. Maar wat, net hier en daar spring 'n ou skrikkerige skapie op. Die ou hamels en ooie, wat al die beloop van die wêreld ken, kyk net vir Kareltjie so skuins aan en bly houtgerus lê. Kareltjie moes nou somar 'n groot lawaai opskop. Toe gaan dit darem beter, maar die ou mak bokooie steur hulle darem nog bloedweinig ook aan hierdie bohaai van Kareltjie. Hy was dus verplig om hulle een vir een aan die horings of lang baarde te vat en op te beur.

„Dis mos wat ek geweet het,” sê Kareltjie by homself : „hulle wil nie eens opstaan nie; hulle sal ook nie wil water suip en trek nie.”

Hy moet hulle dus nou alles probeer dwing om te doen. „En om hulle te dwing is nie so maklik nie,” sê Kareltjie.

Maar hy hou moed en doen sy bes. Ná groot gesukkel het hy dan tog later almal—skaap en bok—op die been. Maar toe was dit 'n kuns om hulle van die werf af te kry. Stoot hy aan die een kant vorentoe, dan staan dit aan die ander kant alles doodstil en herkou en uitrek. Om vir

hom die saak al moeiliker te maak, het party ou oowie gaan vastrap en „hor-gek, hor-gek!” aan hoes en snuit geraak. „Daarmee wil julle voor-gee dat julle kastig so vol harslagsiek is,” sê Kareljtjie, „dat julle nou kamtag nie ’n voetjie kan verroer nie; dis net om my te tempteer.”

Dit het dan ook houthard gegaan om hierdie oues van dae aan die loop te kry.

Ná baie nuwe pogings en planne en sukkel was die troppie dan tog eindelik in ’n wye drif van ou Grootrivier by die heerlike water. Maar al wat skaap en bok is, draai in die rondte sonder om die water eens aan te kyk.

„Maar moet ’n man jou nie vererg nie,” sê Kareljtjie, „want kyk dan tog, hulle maak wrintig of hulle glad vir die water bang is!”

Dit was baie noodsaaklik dat die troppie goed water sou suip, want die dae was baie lank en vreeslik warm; hulle sou dus op die trek dors ly as hulle nie suip nie.

Kareljtjie swaai sy kierietjie nou dreigender as ooit en skop ’n hele kabaal aan die agterkant op om dan hier, dan daar ’n stuk of wat van die redelose diere nader na die water toe te druk. Maar hoe meer hy van agter af opdruk, hoe meer beur die vee juis agtertoe terug. Toe gee hy so ’n bietjie skiet deur eers ’n paar tree agteruit te staan. Maar daarop maal die hele troppie so vinnig in die rondte dat Kareljtjie maar weer moet nader staan om voor te keer, want hy weet dit net ’n taktiek van hulle om netnou rondom hom deur te breek en van die water af pad te gee. Hy sou liever ander planne maak. Gou egter was dit hom duidelik dat die beste plan van die beste



skaapwagter-ekspert hier niks sou baat nie: Die troppie *wil* nie suip nie en *sal* nie suip nie.

Moedeloos laat sak hy sy kierietjie. „Nou toe,” sê hy, „as julle dan nie goeddoen werd is nie, dan is julle dit mos nie werd nie.”

En toe gee hy maar pad, dat die skapies en bokkies maar kan verbykom, en stap agterkant-toe om hulle op die ou trekpad te bring.

Hy is bitter teleurgestel, want hy het darem die ou veetjies baie jammer en wou tog so graag gehad het dat hulle goed moes suip voordat hy hom met hulle op die lang trekpad begewe. En as hulle nou tog maar gewillig was om vinnig te trek, maar ook dit wil hulle nie doen nie. Dis nog glad te vroeg vir die diere—hulle is nie daaraan gewend om voor sonop die werf te verlaat nie.

Kareltjie het sy hande vol om hulle weg te kry. Druk hy hulle aan die linkerkant, dan staan almal doodstil aan die regterkant, en omgekeerd. Hy moet dus dan links, dan regs draai en in 'n lyn wat baie wye uit- en inspringende hoeke maak, vorentoe sukkel.

„Dis mos wat ek geweet het,” brom Kareltjie; „suip wil hulle nie, trek wil hulle nie, en ek moet die verspotte gelag betaal.”

Toe die son darem eindelijk opkom, was hy al baie tam en lusteloos. En ongelukkig was dit van die soort dae waarop die son reeds by sy opkom begin te brand dat jou sweet so tap. Daar was net so 'n kort oomblikkie van heerlike koelte en toe het dit skielik al warmer en warmer geword.

Kareltjie bevind hom darem ook in 'n nou kloof tussen die gebergtes wat net kort onderkant die Aughrabies-waterval lê. In daardie ou wêreld loop die paaie maar van Grootrivier af na die

Buiteveld tussen sulke diep klowe. En eintlik is die paaie nog boonop niks anders as lang stroke swaar, rooi sand nie. Jy moet hard beur om weg te kom. En jy moet lank beur ook, want jy moet myle ver aflê voordat jy in die Buiteveld op 'n gelyk wêreld en in die oop lug kom.

Kareltjie se hart brand van verlange na die Buiteveld. Maar die stomme troppie kruie tog so onwillig vorentoe. En die son, die liewe son brand tog al so dat jy somar moedeloos aan slinger raak. Dit voel of jy jou maar onder elke ou t'kooiboom wat jy verby kom, kan gaan neersmyt en lê tot die son eers weer onder is.

Kareltjie se moed sak ook kort-kort. Dan gaan staan hy stil, bekyk die troppie so en sê: „Nee, vandag is darem 'n dag wat dit nooit sal gaan nie.”

Maar elkers, nadat hy so gekla het, spring hy weer skielik agter die troppie aan met die woorde: „Nee, maar dit *moet*, dit *moet!*” Dan swaai hy die kierietjie en raas nog eens so erg. Hy is naderhand bloedrooi in die gesig en nat van die sweet.

„Ek is nou al half vrek van dors ook,” sê hy 'n rukkie daarna en trek die sakkie van sy skouer af. Haastig haal hy nou die kantientjie uit die sakkie en begin met sulke lang teue te drink, maar die water is al half lou gebrand en hy voel dit sal nie meer sy dors les nie. Ander dae, as hy nie aan trek is nie, dan begrawe hy altyd die kantientjie water êrens onder 'n t'kooiboom; dan bly die water lekker koel en kan hy kort-kort die plek besoek om tog van die verkoelende vog oor sy droë tong te laat spoel. Maar vandag trek hy en

moet hy maar die kantientjie so reg teen die son agter sy linkerblad dra.

„Dis mos wat ek geweet het,” sê hy, „so na middag se kant toe sal die water al seker hier agter my blad aan kook gaan.”

Ander dae is die troppie eers ná sonop by die water gebring en dan het hulle altyd somarso in 'n lang, bont ry gaan staan en gesuipt tot hulle so half ongemaklik voel; dan is hulle verder toegelaat om uit eie vrye wil so teen die hange van die gebergtes onder t'kooibome deur en tussen die skilpadbossies en t'kombossies wei-wei rond te slenter. Maar vandag word hulle op die lang streep rooi sand onder in 'n benoude kloof gehou en onbarmhartig vorentoe gedwing. Voor dag en dou is hulle vanmôre uit lekker sagte holtetjies, waar hulle op die ou veewerf nog heerlik gerus het, verdrywe. Suip kon hulle toe nie, en nou voel hulle rêrig baie dors. Die kloof brand ook al soos 'n bakoond en die rooi sand word al hoe warmer onder hulle kloutjies, wat reeds baie seer kry. Dit alles weet Kareltyjie ook baie goed en hy bejammer sy troppie inniglik.

Aljimmers dink hy daaraan en dan sê hy: „Dis mos dinge wat ek gewee-eet, geweet het.” En dan spartel hy opnuut om die troppie voor dit middag is uit die vreeslike kloof uit te kry. Aljimmers trap hy ook op die punt van sy skaduwee om te skat hoe laat dit tog al sal wees.

Maar later het Kareltyjie al hierdie dinge vergeet. Hy het al sy ou kort, gelapte baadjie uitgetrek en het die moue skuins oor sy skouers geknoop, sodat dit oor die kantientjie hang. Die son brand hom blare uit agter die rug, maar ook dit voel hy nie meer nie. Dit is nou net die

dors wat hy voel en wat hom so vreeslik kwel. „Daar was nog laas darem so 'n droë skuimpie op my tong,” sê hy, „maar dis nou ook verdwyn.”

Alles word eindelijk geel voor sy oë en in die geel flikker en dans sulke groot, swart stippels rond. Maar hy swaai nog die kierietjie en sukkel vorentoe, want dis netnou middag en dan moet hy en sy troppie in die oop wêreld wees of hulle bak dood.

En die oop wêreld is al naby en daar staan groot kokerbome met die heerlikste skaduwees; maar Kareltjie en sy troppie meet beswaarlik elke treetjie af. Selfs die vetste en sterkste hamel sleep al letterlik sy kloutjies uit die een spoor na die ander. En Kareltjie slinger al half blind agter die hygende diere aan. Maar hy byt op sy tande en beur vorentoe.

Eindelijk is dit of daar skielik 'n beweging onder die troppie kom en toe draf hulle somar vanself van hom af na 'n paar groot kokerbome in die gewenste oop wêreld. Maar hy kan nie meer mooi verstaan wat dit beteken nie en steur hom ook nie nou daaraan nie, want hy sukkel ook na 'n kokerboom om asem te skep en die kantientjie, waarin nog so 'n klein bietjie vuurwarm water is, onder die koel grond te probeer begrawe om dit weer drinkbaar te maak. . . .

Die ou luggie wat van die kloof se kant gekom het, het gou verdwyn en toe was dit lank doodstil daar onder die groot kokerbome. Die son het eindelijk ver na die westekant gestaan voordat die ou skaapwagtertjie weer getoon het dat hy nog lewe. Maar hy het al die tyd net gewag dat die bietjie water tog moes drinkbaar word. Hy

sluk dit somar in 'n teug, maar nou kwel die dors hom nog meer. Sy lippe is opgeswel en gebars; sy ganse liggaam is styf en seer en sy senings voel verrek. Tog, hy het darem so 'n bietjie krag herwin. Dit word laat; dit sal swaar gaan om vanaand die plek van sy bestemming te bereik. Hy kan nou nie meer wag nie. Hy pak dan maar sy goedjies en begewe hom na die troppie, wat in klompies onder verskillende kokerbome staan. „Dit sal swaarder gaan om hulle nou hier weg te kry as vanmôre van die werf af,” sê Kareljtjie. En hy het gelyk gehad, want hy moes lank en lelik sukkel voor hy die troppie weer op die pad kon kry.

'n Westewindjie begin te waai, maar dié is ook so warm as 'n gloed uit 'n oond.

Langsamerhand word dit egter koeler en toe draai die stof soos Kareljtjie spartel en spook om weg te kom, want hy moet sukkel om nog vanaand die water te haal.

Nadat hy so 'n paar uur aangegaan het, hardloop die hele troppie skielik weer van hom af. Maar nou weet Kareljtjie wat dit beteken: 'n Hele ent aan die voorkant is 'n diep sandleegte en in die leegte is 'n ou swak syfertjie of gorratjie; die dorstige diere het dit van ver af geruik en die spat daarheen geneem.

Toe Kareljtjie daar kom, het die stomme vee die ou gorratjie heeltemal toegetrap en staan en blêr asof hulle rasend geword het. Hy wou hulle daar wegdruk, maar dit was onmoontlik. Hy moes maar onder tussen hulle bene probeer inkruip om by die ou gorratjie te kom. Hy lê plat op sy maag en grawe met sy hande om water te soek,

maar die diere trap hom só dat hy dit maar moes opgee. . . . .

Die son was byna onder voordat die troppie eers ingesien het dat by die armsalige gorratjie geen druppeltjie water vir hulle was nie en voordat hulle ook dus vir Kareljtjie toegelaat het om hulle weer verder aan te ja. En nou trek hulle somar as vanself voorwaarts.

„Dis die dô-ors, die dors wat so maak,” sê Kareljtjie. Hy het net moeite om by hulle te bly.

Die son was naderhand al lank onder, maar nog staan net een streep stof soos die troppie trek. Kareljtjie hink en pink nou maar agter die stof aan. Die maan was gelukkig al op en hy kon dan goed sien. Later hoor hy 'n gedruis aan die voorkant, en toe weet hy dat sy vee nou na die puts toe, op die plek van sy bestemming, hardloop. Hy rek eintlik sy nekkie van sukkel om vinniger weg te kom.

By die puts was dit 'n heel deurmekaar boel. Die watervoortjie was toegedek van skaap en bok en rondom die puts maal ander vee al in die rondte. Daar was 'n sterk heining om die puts, met 'n hek aan die voorkant. Kareljtjie het somar bo-oor die hek geklouter, want oopmaak kon hy nie of die vee breek saam met hom in en storm almal binne in die puts. Voor, op die staanbankie, was 'n ou emmer met 'n stuk klappertou. Daarmee moes hy skep. Die puts was gelukkig nie diep nie. Die eerste emmer wou hy somar self leegdrink. Maar lank voor dit leeg was, het hy só naar geword dat hy eers haastig moes uitklim. . . .


Kareljtjie het urelank al sy kragte ingespan om vir sy troppie water te skep. Hy was later water-

nat van kop tot tone, maar hy het moed gehou en geskep, geskep tot middernag. Naderhand was daar nog net een ou bokooi, wat maar nie genoeg kon suip nie. Half uitasem bekyk hy die ou bok. Toe skep hy sukkel-sukkel nog so 'n halwe emmertjie water, smyt dit in die voortjie en sê, onderwyl hy uitklouter: „Dè, suip nou genoeg of gaan vrek—ek kan nie meer nie.”

Daarop sleep hy sy voete na die ou bekende veewerf, wat sy vee ook ken en waarheen hulle ook reeds is. Daar gekom, gaan gooi hy hom tussen 'n paar mak bokke neer en toe trek hy die geruite lappie vir die eerste maal te voorskyn met die stukkie brood en kappie vleis, want nou eers voel hy honger. Die stukkie kos was nou droog, half uitgedor van die vreeslike hitte. Maar Kareljtjie smul tog te lekker daaraan. . . .

Hoe lank hy egter so lekker gesmul het, kan hy glad nie sê nie, want toe hy weer vir hom kom kry, was dit reeds die volgende môre hoog sonop. En toe gewaar hy eers dat hy nou net wakker geskrik het, tussen sy ou troppie, wat ook nog lekker lê, en dat hy nog 'n halfafgeëte been-tjie in sy hand vashou.

Geen mens of dier het ooit so lekker gerus as Kareljtjie en sy troppie daardie nag nie.







ROUBAIX

ROUBAIX  
E. DE ROUBAIX.

ZA 839.3634 DE  
ROUBAIX